



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjhabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2025

BESIGHEIDSTUDIES V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.



Testpapers.co.za



Testquestions.co.za

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

AFDELING A: VERPLIGTEND

AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.

AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydstoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

AFDELING	VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A: Objektiewe-tipe vrae VERPLIGTEND	1	30	20
B: DRIE direkte/indirek-tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.	2	40	70
	3	40	
	4	40	
C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.	5	40	30
	6	40	
TOTAAL		150	120

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts.
8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 'n Komponent van die makro-omgewing is:

- A Mededingers
- B Vakbonde
- C Wetlike omgewing
- D Visie en missie

1.1.2 Hierdie Wet maak voorsiening vir die stigting van die KVBA en bedingingsrade.

- A Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
- B Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
- C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBS), 1997 (Wet 61 van 1997)
- D Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)

1.1.3 Telecom kombineer met Vuka mobile om een besigheid te word. Dit staan as 'n ... bekend.

- A oorname
- B samesmelting
- C verkryging
- D alliansie

1.1.4 Verpakking waar die houer vir iets anders gebruik kan word sodra die inhoud op is, word ... genoem.

- A eenheidsverpakking
- B verpakking vir herverkoop
- C spesialiteitsverpakking
- D verpakking vir dubbele gebruik

1.1.5 Tau (Edms.) Bpk. word deur die wet vereis om tot die ... fonds as 'n verpligte werknemersvoordeel, by te dra.

- A werkloosheidsversekerings-
- B mediese hulp-
- C voorsorg-
- D pensioen-

(5 x 2) (10)

- 1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

beperkte; tydverwante; beheer; ekonomiese; stuksgewys; interne; versekering; geen; eksterne; industriële

- 1.2.1 Koning Handelaars het ... beheer oor die sosiale omgewing.
- 1.2.2 Geldwassery is 'n ... misdaad.
- 1.2.3 Phila en Philane het die ... werwingsmetode gebruik toe hulle 'n vakature op hul besigheid se kennisgewingbord geadverteer het.
- 1.2.4 Samuel word betaal vir die ure wat hy by die werk deurbring. Dit staan as die ... salarispelingsmetode bekend.
- 1.2.5 Die inspeksie van produkte tydens en na produksie om seker te maak dat dit aan die vereiste standarde voldoen, word gehalte- ... genoem.

(5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A—J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Uitsluiting	A pryse is aan 'n nuwe innoverende, unieke produk gekoppel
1.3.2 Storting	B 'n organisasie wat help om die besigheid se produkte te bevorder
1.3.3 Reguleerder	C aksie wat deur werkgewers geneem word om te verhoed dat werknemers die werkplek betree
1.3.4 Plasing	D ingevoerde goedere word teen 'n hoër-as-normale prys verkoop word
1.3.5 Prysafskapping	E werknemers se kwalifikasies en vaardighede word gepas met die vereistes van die werk
	F aksie wat deur werknemers geneem word sodat daar aan hulle eise voldoen word
	G ingevoerde goedere word teen 'n laer-as-normale prys verkoop word
	H 'n organisasie met amptelike mag om 'n aktiwiteit te beheer
	I werknemers is vertrouwd met die fisiese werksomgewing en organisatoriese struktuur
	J pryse gebruik die klante se emosionele reaksie om verkope aan te moedig

(5 x 2)

(10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem DRIE tipes magsverhoudings. (3)
- 2.2 Beskryf kortliks die negatiewe impak van stakings op besighede. (6)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SPELETJIES GALORE (SG)

Speletjies Galore (SG) kopieër rekenaarspeletjies sonder die toestemming van die ontwerpers en verkoop dit aan die publiek. SG is bewus van die negatiewe impak van hul optrede op die ontwerpers van die rekenaarspeletjies.

- 2.3.1 Identifiseer die sosio-ekonomiese kwessie in die scenario hierbo. (2)
- 2.3.2 Adviseer besighede oor EEN oplossing vir die sosio-ekonomiese kwessie wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is. (4)
- 2.4 Bespreek *politieke verandering* as 'n uitdaging van die makro-omgewing. (4)
- 2.5 Identifiseer die sosio-ekonomiese kwessies wat van toepassing is op Zonke Enterprise in elk van die stellings hieronder.
 - 2.5.1 Sommige werknemers van Zonke Enterprise kan nie lees en skryf nie. (2)
 - 2.5.2 Zonke Enterprise het mense van verskillende rasse, ouderdomme en geslagte in diens. (2)
- 2.6 Verduidelik die verband tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore. (6)
- 2.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PURR-FEKTE KOS (PK)

Purr-fekte Kos produseer verskeie soorte troeteldierkos. Die produksiebestuurder het nie die nodige vaardighede om sy departement te lei nie. Sommige klante verkies om goedkoper handelsmerke te koop as gevolg van lae inkomstevlakke.

- 2.7.1 Identifiseer die uitdaging vanuit die mikro-omgewing wat van toepassing is op PK in die scenario hierbo. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario aan te haal. (3)
- 2.7.2 Verduidelik maniere waarop besighede 'n direkte invloed op die omgewing kan hê. (4)

- 2.8 Stel maniere voor waarop besighede mededinging in die mark kan oorkom. (4)
[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

- 3.1 Noem VIER vereistes vir 'n veilige werksomgewing. (4)
- 3.2 Beskryf kortliks die voordele van produksiebeplanning. (4)
- 3.3 Identifiseer die tipes verbruikersgoedere wat deur Gerrie Winkels (GW) in ELKE stelling hieronder verkoop word:
- 3.3.1 GW verkoop laekoste-goedere wat kliënte sonder veel nadenke sal koop. (2)
- 3.3.2 GW verkoop spesifieke handelsmerkklere en klante benodig tyd en inspanning om dit te koop. (2)
- 3.4 Verduidelik die redes waarom vervaardigers verkies om van indirekte verspreidingsmetodes gebruik te maak. (4)
- 3.5 Bespreek die vereistes van 'n goeie handelsmerk. (4)
- 3.6 Adviseer besighede oor die doel van verkoopspromosie. (4)
- 3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SOFTY SE ELEKTRONIKA (SE)

Softy se Elektronika soek 'n ervare toesighouer om 'n vakante pos te vul. Hulle het voorlopige onderhoude gevoer aangesien daar baie aansoekers was. SE het 'n skriftelike aanbod vir die pos aan die suksesvolle kandidaat gemaak.

- 3.7.1 Haal TWEE stappe van die keuringsprosedure uit die scenario aan. (2)
- 3.7.2 Verduidelik ander stappe in die keuringsprosedure. (6)
- 3.8 Bespreek die verskil tussen *posbeskrywing* en *posspesifikasie*. (4)
- 3.9 Adviseer besighede oor die doel van induksie. (4)
[40]

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Noem enige TWEE tipes van invloedwerwing. (2)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BONGI-TEKKIES (BT)	
Bongi Tekkies vervaardig 'n verskeidenheid gemaklike en oefenskoene. BT het klante aan Tekkie Trainers wat twee weke gelede geopen het, afgestaan. Die winsgewendheid van BT het weens 'n tekort aan geskoolde werknemers afgeneem.	

4.2.1 Haal TWEE uitdagings vanuit die scenario hierbo aan. (2)

4.2.2 Klassifiseer BS se uitdagings volgens die besigheidsomgewings. (2)

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om VRAAG 4.2.2 te beantwoord.

UITDAGINGS	BESIGHEIDSOMGEWING
1.	
2.	

4.3 Verduidelik die voordele van netwerkvorming vir die besigheid. (4)

4.4 Bespreek die funksies van vakbonde. (6)

4.5 Adviseer besighede oor die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (4)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.6 Noem TWEE bemarkingsaktiwiteite. (2)

4.7 Beskryf die belangrikheid van produkontwikkeling. (4)

4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TASCO SE VARSMARK (TV)	
Tasco se Varsmark verkoop vars vrugte en groente in die plaaslike buurt. Die vraag na die produk, die winsopslag wat hulle wil behaal en die insetkoste beïnvloed hul pryse. TV is bewus van die belangrikheid daarvan om die regte pryse vir hul produkte vas te stel.	

4.8.1 Noem TWEE faktore wat TV se prysbepaling in die scenario hierbo beïnvloed. (2)

4.8.2 Verduidelik die belangrikheid van prysbepaling. (4)

- 4.9 Bespreek die rol van die onderhoudvoerder tydens die onderhoud. (4)
- 4.10 Adviseer besighede oor die wetlike vereistes van 'n dienskontrak. (4)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

LET WEL: Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (AANPASSING BY DIE UITDAGINGS VAN DIE BESIGHEIDSOMGEWINGS)

Besighede moet betrokke raak by sosiale verantwoordelikhedsprojekte wat gemeenskappe positief bevoordeel. Hierdie projekte kan 'n positiewe impak op besighede hê. Besighede moet bewus wees van die uitdagings in verskillende sake-omgewings en hoe hulle by hierdie uitdagings moet aanpas om volhoubaar te wees. Invloedwerwing kan help om uitdagings te oorkom.

Skryf 'n opstel oor die aanpassing by besigheidsuitdagings waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die projekte wat deur besighede as deel van sosiale verantwoordelikheid aangepak kan word.
- Verduidelik die voordele van sosiale verantwoordelikhedsprojekte vir besighede.
- Bespreek die volgende maniere waarop besighede by die uitdagings van die sake-omgewings kan aanpas:
 - Inligtingsbestuur
 - Strategiese reaksies
- Adviseer besighede oor die redes waarom besighede invloedwerwing gebruik.

[40]

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (PRODUKSIEFUNKSIE)

Besighede moet goed ingelig wees oor die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid. Vir besighede om suksesvol te wees, moet hulle verseker dat die produksiebeplanning effektief gedoen word. Totale Gehaltebeheer (TGB) speel 'n belangrike rol in die sukses van die besigheid. Wanneer masjinerie hanteer word, is dit belangrik om die nodige voorsorgmaatreëls te tref.

Skryf 'n opstel oor produksie waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.
- Verduidelik die volgende aspekte wat tydens produksiebeplanning in ag geneem moet word:
 - Lading
 - Skedulering
- Bespreek Totale Gehaltebeheer (TGB) as deel van die gehaltebeheerstelsel.
- Beveel voorsorgmaatreëls aan wat besighede moet tref wanneer hulle masjinerie hanteer.

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Departement van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2025

**BESIGHEIDSTUDIES V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.



Testpapers.co.za



Testquestions.co.za

NOTAS AAN NASIENERS

1. INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

- (a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die nasienstandaard
- (b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
- (c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
- (d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

- 2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.
- 3. 'n Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:
 - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
 - Uit 'n ander betroubare bron kom
 - Oorspronklik is
 - 'n Ander benadering gebruik

LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

- 4. Neem kennis van ander verwante antwoorde deur kandidate verskaf wat verband hou met 'n spesifieke vraag en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)
- 5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.
- 6. Die doel om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.
- 7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant wees en met die vraag verband hou.
9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepeenaliseer word indien laasgenoemde nie duidelik is nie.
10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui met 'n 'H' aan.
11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:
 - 11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. Positief: 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word ✓ op lang siviele hofgedinge. ✓
 - 11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste ✓ wat op lang siviele hofgedinge spandeer word ✓, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie.' ✓
- LET WEL:**
 1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
 2. Let op die plasing van die merkie (✓) in die toekenning van punte.
12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

Kognitiewe werkwoorde, soos:

- 12.1 Adviseer, noem, beskryf kortliks, motiveer, beveel aan, stel voor, (lys nie volledig nie) vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidaat se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.
 - 12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, ontwerp, analiseer, evalueer, evalueer krities (lys nie volledig nie) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.
13. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidaat meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

14. AFDELING B

- 14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

LET WEL:

1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.
2. Die bostaande is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C (waar van toepassing).

- 14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

- 14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer.

14.4 Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:

- 14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn).
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word).

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

- 14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet punttoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

- 14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. AFDELING C

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	Maksimum: 32
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	8
TOTAAL	40

15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, paragrafe en 'n gevolgtrekking?	2
Analise Sintese	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/subopskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	2
Synthesis	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Opsie 1: Slegs relevante feite: 2 punte (Geen '-S') Waar 'n kandidaat 50% of meer (twee tot vier subvrae) van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: 'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S') Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: 'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S') Waar 'n kandidaat VIER subvrae beantwoord, maar een/twee/drie subvrae met geen relevante feite; verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 4: Geen relevante feite: 0 punte (Twee '-S') Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een sub-vraag) van die vraag met geen relevante feite beantwoord het nie, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT vir sintese toe.	2
Struktuur/Uitleg	Is daar bewyse van een of twee voorbeelde, nie ouer as twee (2) jaar nie, wat op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings gebaseer is?	2
TOTAAL VIR INSIG:		8
TOTALE PUNTE VIR FEITE:		32
TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):		40

- LET WEL:**
- 1. Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
 - 2. Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
 - 3. Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

- 15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/ of O').
- 15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/nasienriglyn vir elke vraag aangedui.
- 15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onderafdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.
- 15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, O – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	PUNTE
Feite	32 (Maks)
S	2
O	2
S	2
O	2
TOTAAL	40

- 15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan. (Sien PUNTE-UIEENSETTING aan die einde van elke vraag.)
- 15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/interpreteer, kry hy/sy steeds punte vir die uitleg.
- 15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/subopskrifte soos in die nasienriglyne aangedui.
- 15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.
- 15.10.2 Met ingang van November 2015 sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (✓) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie. ✓ waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.' ✓
- Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.
- 15.11 Met ingang van November 2017 sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1.1 C ✓✓
 1.1.2 A ✓✓
 1.1.3 B ✓✓
 1.1.4 D ✓✓
 1.1.5 A ✓✓

(5 x 2) (10)

- 1.2.1 geen ✓✓
 1.2.2 ekonomiese ✓✓
 1.2.3 interne ✓✓
 1.2.4 tydverwant ✓✓
 1.2.5 versekering ✓✓

(5 x 2) (10)

- 1.3.1 C ✓✓
 1.3.2 G ✓✓
 1.3.3 H ✓✓
 1.3.4 E ✓✓
 1.3.5 A ✓✓

(5 x 2) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30**UITEENSETTING VAN PUNTE**

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

AFDELING B

Sien slegs die EERSTE TWEE antwoorde na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**2.1 Tipes magsverhoudings**

- Strategiese alliansie-ooreenkomste ✓
- Oorreding van groot beleggers ✓
- Invloed van maatskappyverteenwoordigers ✓

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) magsverhoudings na.

(3 x 1) (3)

2.2 Negatiewe impak van stakings op besighede

- Stakings het die potensiaal om verhoudings ✓ in gevaar te stel. ✓/Kan lei tot 'n ongesonde verhouding ✓ tussen die werkgewer/bestuur en werknemers. ✓
- Dit kan ook spanwerk in die werkplek beïnvloed ✓ in gevalle waar nie alle werkers sulke industriële aksie ondersteun nie. ✓
- Besighede ly finansiële verliese ✓ as gevolg van lae vlakke van produktiwiteit en verbruikersvertroue word nadelig beïnvloed. ✓
- stakings kan lei tot produksieverliese ✓ en afname in verkope/ekonomiese groei. ✓
- Besighede kan gedwing word om bedrywighede te staak ✓ na stakings-aksies. ✓
- Kan besighede dwing om sommige van hul geskoolde werkers af te dank ✓ om van verliese te herstel. ✓
- Plundering, vernietiging van sake-eiendom/infrastruktuur ✓ en intimidasie van nie-stakende werkers. ✓
- Werknemers kan hul betaling verloor ✓ met die 'geen werk, geen betaling'-reël wat deur die besigheid toegepas word. ✓
- Besighede moet werknemers aanstel om stakende werkers te vervang ✓ en verhoog die opleidingskoste van nuwe werknemers. ✓
- Besighede kan markaandeel/kliënte aan mededingers ✓ gedurende die stakingsperiode verloor. ✓
- Die beeld/reputasie van die besigheid ✓ kan beskadig word. ✓/skrik potensiele ✓ beleggers af. ✓
- Die voorsiening van goedere en dienste ✓ word onderbreek. ✓
- Pryse styg soms ✓ om die koste wat deur die staking aangegaan word, te verreken. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak van stakings as 'n sosio-ekonomiese kwessie op besighede.

Maks. (6)

2.3 Oplossing vir rowery

2.3.1 Rowery ✓✓

Maks. (2)

2.3.2 Maniere om teen rowery te beskerm**Patent** ✓✓

- 'n Patent verhoed dat ander besighede/mense dieselfde produk/spesifieke diens kan produseer en verkoop. ✓✓
- Besighede kan 'n patent vir nuwe uitvindings uitreik en 'n voorbeeld van hul uitvinding by die aansoek insluit. ✓✓
- Hulle moet 'n patent by die patentkantoor in Suid-Afrika registreer. ✓✓
- Die uitvinding moet voldoen aan Patentwet nr. 57 van 1978. ✓✓
- Hulle kan regstappe instel teen enigiemand wat die uitvinding produseer/verkoop. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met patent as 'n oplossing vir rowery.

Oplossing (2)

Beskrywing (2)

Submaks (4)

Handelsmerke ✓✓

- Besighede kan handelsmerke gebruik om hulself en hul produkte te identifiseer. ✓✓
- Hulle moet hul handelsmerke by die register van handelsmerke by die maatskappye en intellektuele eiendomsregistrasie/KMIE registreer. ✓✓
- 'n Geregistreerde handelsmerk word vir ewig beskerm mits dit elke tien jaar hernu word en 'n hernuwingsfooi betaal word. ✓✓
- Eis skadevergoeding van iemand wat die handelsmerk skend. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met handelsmerke as 'n oplossing vir rowery.

Oplossing (2)

Beskrywing (2)

Submaks (4)

Kopiereg ✓✓

- Besighede kan iemand dagvaar wat die kopiereg skend. ✓✓
- Hulle kan ook iemand dagvaar wat werke verkoop of versprei wat hy/sy geweet het kopieregskending was. ✓✓
- Hulle kan regstappe doen teen mense wat hul produkte kopieer. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met kopiereg as 'n oplossing vir rowery.

Oplossing (2)

Beskrywing (2)

Submaks (4)

LET WEL: Sien slegs die EERSTE oplossing na.

Maks. (4)

2.4 Makro-omgewing uitdagings

Politieke veranderinge

- Die regering besluit oor sy eie doelwitte ✓ en ideologieë. ✓
- 'n Verandering in regeringswette ✓ dwing besighede om aan te pas by nuwe wette en beleide. ✓
- 'n Verandering in regering kan lei tot politieke onstabiliteit ✓ wat moontlike beleggers en toeriste kan afskrik, en op sy beurt die oorlewing van 'n besigheid kan bedreig. ✓
- In sommige lande is daar 'n hoë vlak van politieke onstabiliteit en burgeroorlog, ✓ wat dit baie moeilik maak vir besighede om daar doeltreffend en winsgewend te opereer. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met politieke verandering as 'n uitdaging vanuit die makro-omgewing.

Maks. (4)

2.5 Sosio-ekonomiese kwessies

2.5.1 Ongeletterdheid ✓✓ (2)

2.5.2 Demografiese kwessies ✓✓ (2)

2.6 Verband tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore

- Die primêre, sekondêre en tersiêre sektore werk almal saam ✓ om 'n ekonomiese produksieketting te skep. ✓
- Die primêre sektor onttrek grondstowwe, ✓ waarna die sekondêre sektor die grondstowwe in produkte omskep/verwerk. ✓
- Die sekondêre sektor is afhanklik van die primêre sektor ✓ vir grondstowwe en produkte. ✓
- Die sekondêre sektor benodig die tersiêre sektor ✓ om hul verwerkte of vervaardigde goedere te verkoop en ook vir dienste soos banke, versekering, vervoer en kommunikasie. ✓
- Die primêre sektor is afhanklik van die sekondêre sektor ✓ vir vervaardigde goedere soos masjinerie/toerusting/kunsmis. ✓
- Die primêre sektor is afhanklik van die tersiêre sektor ✓ vir sy kliëntebehoefte. ✓
- Die primêre sektor is afhanklik van ander in die primêre sektor ✓ vir grondstowwe/voer, bv. 'n boer mag saad van 'n ander plaas benodig. ✓
- Die sekondêre sektor is afhanklik van ander sekondêre nywerhede ✓ vir vervaardigde produkte wat in die vervaardiging van hul produk gebruik moet word. ✓
- Die tersiêre sektor is afhanklik van die primêre sektor ✓ vir grondstowwe wat nie deur die sekondêre sektor verwerk hoef te word nie. ✓
- Die tersiêre sektor is afhanklik van die sekondêre sektor ✓ vir vervaardigde goedere soos kantoormasjiene/kantoormeubels/skryfbehoeftes. ✓
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verband tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektor.

Maks. (6)

2.7 Uitdagings van die mikro-omgewing

- 2.7.1 **Gebrek aan voldoende bestuursvaardighede** ✓✓
Motivering: Die produksiebestuurder het nie die nodige vaardighede om sy departement te lei nie. ✓

LET WEL: Geen punte word vir die motivering toegeken indien die uitdaging verkeerd geïdentifiseer was nie.

Maks. (3)

- 2.7.2 **Maniere waarop besighede 'n direkte invloed op die omgewing kan hê**
- Besighede moet buigsaam wees ✓ deur betrokke te raak by navorsing/ontwikkeling sodat hulle kan voortgaan om te werk. ✓
 - Beïnvloed hul verskaffers deur langtermynkontrakte ✓ vir hul grondstowwe teen vaste pryse te teken. ✓
 - Beïnvloed hul kliëntebasis deur nuwe gebruike vir 'n produk te skep, ✓ kliënte weg te neem van mededingers/nuwe kliënte te vind en hulle te oortuig dat hulle die nuwe produk nodig het. ✓
 - Beïnvloed reguleerders deur invloedwerwing en bedinging ✓ en kan hul eienaars beïnvloed deur inligting in jaarverslae te gebruik. ✓
 - Inisieer onderhandelingsessies ✓ tussen bestuur en vakbonde. ✓
 - Beïnvloed hul eienaars deur inligting ✓ vervat in jaarverslae te gebruik. ✓
 - Onderhandel strategiese alliansie-ooreenkoms ✓ deur middel van kontraktuele prosesse. ✓
 - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede 'n direkte invloed op die omgewing kan hê.

Maks. (4)

2.8 Maniere waarop besighede mededinging in die mark kan oorkom

- Besighede moet verseker dat hulle unieke/gedifferensieerde goedere of dienste vir die teikenmark produseer om aan die kliënte se behoeftes en begeertes te voldoen. √√
- Besighede moet meer gepersonaliseerde dienste lewer deur op hul kliënte se behoeftes/begeertes/verwagtinge te reageer. √√
- Goedere/dienste moet laer geprys wees as mededingers se goedere/dienste in die mark. √√
- Besighede moet hoëgehalte/nuwe goedere/dienste produseer/verkoop waarin die kliënte dalk belangstel. √√
- Skep 'n positiewe beeld/publisiteit deur gereelde betrokkenheid by gemeenskapsontwikkelingsprojekte. √√
- Besighede moet kliëntediens verbeter en kliëntetevredenheid verseker. √√
- Besighede moet 'n positiewe beeld/uitkyk skep deur gereeld hul persele op te knap en hul stelsels te verbeter. √√
- Besighede moet goeie bemarkingsveldtogte onderneem deur promosie-idees soos plakkaat of veldtogte op sosiale media te gebruik wat die aandag van die teikenmark sal trek. √√
- Besighede moet laekoste-ekstras soos verbeterde kredietvoorwaardes en lojaliteitskemas aanbied. √√
- Besighede moet verseker dat hulle goed opgeleide/kundige en toegewyde werknemers het wat 'n beter werksatmosfeer skep. √√
- Bly op hoogte van ontwikkelings in die sakektor, volg verbruikersneigings/belê in nuwe tegnologie. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede mededinging in die mark kan oorkom.

Maks. (4)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 2	PUNTE
2.1	3
2.2	6
2.3.1	2
2.3.2	4
2.4	4
2.5	4
2.6	6
2.7.1	3
2.7.2	4
2.8	4
TOTAAL	40

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**3.1 Vereistes vir 'n veilige omgewing**

- Veiligheidsbeleid ✓
- Sigbare waarskuwingstekens ✓
- Noodhulptoerusting ✓
- Veilige werksomgewing ✓
- Voorsorgmaatreëls wanneer masjinerie hanteer word ✓

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) vereistes vir 'n veilige omgewing na.

(4 x 1) (4)

3.2 Voordele van produksiebeplanning

- Beplanning stel besighede in staat om te verseker dat elke masjien en werker tot hul volle kapasiteit benut word en nie met niks gelaat word om te doen nie. ✓✓
- 'n Besigheid kan verseker dat dit die korrekte hoeveelheid voorrade en voorraadbeheer op 'n gegewe tydstip het. ✓✓
- Beplanning sal verhoed dat tyd vermors word en sal die aantal finale produkte verhoog. ✓✓
- Die beplanningsproses behels kwaliteitskontroles, verseker dat die korrekte kwaliteit bereik word, en dat produksietyd verminder word. ✓✓
- Verbeterde voorraadbeheer verminder vermorsing en onnodige bergingskoste. ✓✓
